



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

NASIONALE VERKIESING 2024

God roep ons om in moeilike omstandighede, vir Hom 'n lig te wees.
(n.a.v. Jeremia 29)

Hierdie skrywe handel oor die komende verkiesing, die bydrae wat die NG Kerk potensieël kan maak, en die ondersteuning wat vanuit die kantoor van die Algemene Sinode gelewer word.

Hoewel ons as kerk 'n selfstandige entiteit in die samelewing is, leef ons tog wel in 'n bepaalde konteks en het ons 'n geleentheid en keuse om in woord en daad te getuig en te dien. In roepingsverklarings die afgelope twee dekades en weer in die mees onlangse verklaring, verbind die kerk haarself herhaaldelik tot 'n aktiewe rol in belang van 'n vreedsame en regverdige samelewing.

Ons word gestuur...

***...om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus se Evangelie, sy geregtigheid en vrede;
...om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die verligting van nood en die bediening van hoop
(Uittreksel: Ons Roeping 200+, Februarie 2024)***

Tydens 'n ASM-gesprek in Februarie, lei dr Gustav Claassen tafelgesprekke in waar daar geloofsonderskeidend besin word oor wat presies die kerk se roeping en rol in hierdie spesifieke verkiesing van 2024 is.

*Met die dertigjarige viering van ons nuwe grondwetlike bedeling wys akademici, politici, joernaliste en leiers van die burgerlike samelewing telkens op toenemende politieke, maatskaplike en ekonomiese uitdagings waarmee Suid-Afrika gekonfronteer word. Leiers oor die breë korporatiewe sektor waarsku tans, in sterk gelade taal, oor wat in die land kan uitspeel indien drastiese hervormings nie spoedig uitgevoer sou word nie. Toenemende onstabieleit en geweld as gevolg van nie-volhoubare dienslewering (water, elektrisiteit, ens) is kernprobleme van die huidige bestel. Internasionale sanksies as gevolg van Suid-Afrika se anti-Westerse sentimente en onoordeelkundige ondersteuning van Rusland in sy oorlog teen die Oekraïne en die hantering van die Israel/Palestynse konflik bring wesenlike risiko's mee. Dit kan lei tot geweldige verliese aan buitelandse beleggings. Dit bring byvoorbeeld die Agoa-ooreenkoms in die gedrang, en gevolglik kan dit beteken dat duisende mense hulle werk verloor. 'n Onbeheerde eskalerende skuldmas met 'n fiskale afgrond wat geantisipeer word, word deur talle ekonome, beleggers en finanskeners uitgewys.
(Dr Gustav Claassen, 29 Februarie 2024, ASM, eMseni)*

Hy kom tot die gevolgtrekking dat, sonder om by party politiek betrokke te raak, die kerk besonders goed toegerus is om 'n groot verskil te maak en het in die verlede reeds die rol gespeel. Die volgende word as moontlike betrokkenheid uitgelig:

- Kweek 'n bewustheid van die belangrikheid om te gaan stem – veral by jongmense.

- Bied fisiese hulp aan vir kiesers om by die stembusse uit te kom, bv. pensioenarisse, persone sonder vervoer.
- Bewusmaking dat die keuse vir 'n party 'n waardegedrewe besluit behoort te wees.
- Stel kerkgeboue as verkiesingslokale beskikbaar.

Twee positiewe bydraes wat uitstaan nadat die notas van tafelgesprekke vergelyk is, is die dringende oproep tot gebed, en die registrasie van lidmate as waarnemers/verkiesingsmonitors.

Sondag 5 Mei 2024 word tans wyd in die ekumene as dag van voorbidding vir die verkiesing voorgestel. Meer hieroor volg binnekort en sluit 'n voorgestelde liturgie in.

Die kantoor van die Algemene Sinode bied 'n ondersteunende rol. Daar is die moontlikheid van 'n sentrale ekumeniese sisteem van terugvoering met behulp van 'n toepassing (app) op die dag van die verkiesing, wat sal meewerk tot 'n ekumeniese verslag aan die Onafhanklike Verkiesings Kommissie en 'n publieke verklaring/getuienis aangaande die verloop van die verkiesing.

As deel van die ondersteuningsfunksie, (i) verteenwoordig die Algemene Sekretaris die nege sinodes wat geraak word deur die verkiesing in 'n ekumeniese advieskomitee; en (ii) stel die kantoor van die Algemene Sinode 'n proses voor vir Sinodes se oorweging. 'n Aanlyn ontmoeting met sinodale verteenwoordigers word in die eerste week van April beplan om die proses deeglik deur te werk en te verbeter waar nodig. Daar is nog genoeg tyd, aangesien waarnemers volgens die OVK nog tot en met 25 Mei geregistreer kan word.

Waarom behoort ons as gelowiges soveel moeite te doen met hierdie verkiesing?

Deur sy profeet, Jeremia, moedig God self die volk in ballingskap aan om 'die voorspoed van die stad waarheen Ek julle in ballingskap laat gaan het' te bevorder (Jer 29:7a). Ook om te 'bid tot die Here vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle' (Jer 29:7b). Laat ons met die oog op hierdie verkiesing hierdie belofte ook ons eie maak: 'Julle sal My soek en vind as julle My met julle hele hart raadpleeg' (Jer 29:12).

Net soos ons saam met Moses in Eksodus 33 gepleit het dat ons nie sonder God van hier af verder wil gaan nie, net so wil ons nie deur hierdie verkiesing sonder God gaan nie. En net soos God Moses verseker van Sy teenwoordigheid, en jare later ook van Sy teenwoordigheid in Babilon, weet ons dat God ook met ons hier in Suid-Afrika en tydens die verkiesing is.

Ons lewens is nie in die hande van politici nie, maar in die hande van die lewende God.

Vir meer inligting en dokumentasie oor hoe om 'n positiewe bydrae te maak, klik asb op die volgende skakel: [VERKIESING](#)

Neem asb die vrymoedigheid om direk met my te skakel as enige van die ondersteuning wat uit die kantoor van die Algemene Sinode gebied word onduidelik is of enige ander navrae opduik waarmee ons kan help. Ons is hier om te dien.

Seënwense



Dr Nioma Venter
Algemene Sekretaris: Kantoor van die Algemene Sinode